Sondag, 27 Oktober 2019
Hervormingsondag

Lewe jou "Dankie!"

"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.
(Kolossense 3:16)
"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."
(1 Tessalonisense 5:18)
"Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil."
(Hebreërs 12:28)

Israel het nou tien Woorde gehad, direk uit God se hart. Kosbare woorde wat God se wil aan Israel bloot gelê het. Maar om God se wil te ken bied ook vir ons oneindig baie probleme. Enigeen, wat dit ernstig met God bedoel, sal baie gou agterkom dat dit een ding is om God se wil te ken en iets heeltemal anders om in hierdie wêreld God se wil te doen. So het hierdie tien Woorde deur die eeue in die kerk 'n bittere wapen geword. Dit het mense verdoem en ander het selfregverdiging gesoek. Dit het die standaard geword om God se liefde op te eis en die deure na die hemel oop te stoot. Mense het egter een belangrike kenmerk van die tien Woorde vergeet – dit is God se Woorde. En wanneer ons met God te doen het, is die standaard vêr bo enige mens se vermoë, dus word daar geen deur oopgestoot of liefde opgeëis op grond van ons gehoorsaamheid aan die wet nie. Ons het meer nodig gehad, soveel meer...

Die tien Woorde was God se woorde na redding uit Egipte. Israel sou daarin kon leer om "Dankie!" te leef. Dankie, dat God hulle nood gehoor het in Egipte... Dankie vir water in 'n dorre woestyn... Dankie vir 'n pad deur 'n see, maar boweal dankie vir mense wat in kontak met die God van die heelal kon leef. Ook vandag nog kan hierdie tien Woorde ons help om "Dankie!" te leef... Dankie vir Jesus se kruisdood... Dankie vir die opstanding en ewige lewe... Dankie vir 'n onwankelbare koninkryk... "Dankie, Here, dankie! Die Heidelbergse Kategismus antwoord by vraag 86: *"Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word..."*

Ds. Johan Marais

Baie welkom by ons Nagmaaldiens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan jong lidmate wat gisteraand belydenis van hul geloof hier gedoen het, hul families en alle ander besoekers. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is ook uitgenooi vir 'n koppie koffie & tee in die binnehof, ná die diens, en 'n geseënde rusdag verder toegewens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel gerus of kontak ds. Johan Marais (084 517 8052).

Eredienste vandag en volgende Sondag

Sondag, 27 Oktober	Om 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens). Om 18:00 – prof. Rantoa Letsosa (Dekaan: Fakt. Toelogie, UV): Diens saam met die Geref. Kerk Bloemfontein-Noord.
Sondag, 03 November	Om 09:30 – ds. Jan Lubbe (bevestiging van kerkraad) en gesinsdiens in die saal – prop. Nico Oosthuizen. Om 09:30 – ds. Johan Marais (Nagmaal by Siësta). Om 15:00 – Geen Sothodiens. Om 18:00 – ds. Jan Lubbe (Gr. 7-diens).

DEURKOLLEKTES:

20 Oktober	Kinder- en Jeugsorgsentrums (ENGO)	R 1 719,20
27 Oktober	SA Bybelgenootskap	
03 November	Gladstone Jeugsorgsentrum	

Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die volgende week verjaar:

27 Oktober	Leana Fourie, Sakkie Noeth en Lizelle Rossouw.
28 Oktober	Willem Carel Brink, Izak Louw en Maryna Rautenbach.
29 Oktober	Linda Raath, Mollie van Staden en Maxwell van Vuuren.
30 Oktober	Bianca Botha, Marlé Jansen, Petra Laubscher, Danie Marx, Loot Pretorius, Lize v/d Berg, Pierrie v/d Walt, Leoni v/d Walt en Annemarie van Zyl.
31 Oktober	FC du Plessis, Petro Fourie en Tobie Wiese.
01 November	Celesté Hutton, Stefan Jacobsz, Anmari Joubert en Dawie Malan.
02 November	Andrié Barnado, Nichola de Waal, Christo de Wet, Benjamin Olivier, André Prinsloo, Veronica van Niekerk en Nico Wilson.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Ina Fenwick (Serenitas 3, wyk 15a); Louise Cilliers (Paul Roux str. 33, wyk 5a); Philip Kühn (Plettenbergstr. 7, wyk 14) en Pieter de Vos (Siësta, wyk 10).

Meelewing:
Ons opregte meelewing aan Tannie Magdaleen Schoch (Sewe Damme 42, wyk 8b), Christine en Conrad en hul families, by die heengaan van prof. Aylva afgelope Donderdag. Die gedenk- en dankdiens vir sy lewe, is eerskomende Dinsdagoggend, 29 Oktober, om 11:00 hier in Berg-en-Dal. Ons bid vir Tannie Magdaleen-hulle die nabyheid en troos van Gods Gees toe.

'n Hartlike welkom aan ons nuwe belydende lidmate:
Ons is vanoggend so bly oor 43 jongmense wat gisteraand getuig het dat hul God se beloftes van hul doop glo en Christus as Verlosser en Voorbeeld wil volg. Ons verwelkom hulle vanoggend hier by ons aan die Nagmaalstafel: Adriaan Badenhorst (Dealesville), Chantenique Barnard (Kathu), Sunique Boshoff, Elmari Botha, Johan Bothma (Theunissen), Eduard Büchner, Jaco Buys, Salomien Cloete (Barkly-Oos), Suné Cronjé (Bultfontein), Kayla de Jager, Carmi du Plessis, Muller Esterhuyse, Ammerentia Heennop, Christoff Grobbelaar (Tosca), Alwyn Groenewald (Christiana), Johanri Jacobs (Kimberley), Rochelle Jacobs, Johann Janse van Rensburg, Nicolaas Jansen van Rensburg, Hennie Joubert (Winburg), Pieter Joubert, Tehandé Kemp (Theunissen), Carli Klindt, Lize Loots, Anthonie Louwrens (De Aar), Jacquellé Malan (Daniëlskuil), Stephan Marais (Aliwal-Noord), Jana Meyer, Thenette Mulder, Nedine Naudé (Petrusburg), Yulabé Nel (Brandfort), Danie Niebuhr, Niel Otto (Excelsior), Cara-Inge Piater (Wesselsbron), Jeanelie Pienaar (Clocolan), Wernaldo Roelofse (Hospitaalpark), Liam Rossouw, FC Schlebusch (Lady Grey), Nicola Snyman, Arno Theunissen, Sané van Rooyen (Edenburg), Ruhan Vermeulen (Fauresmith), Kayla Visser (Vryburg), Paul Zietsman en Paul Hendrik Zietsman (Pietermaritzburg).

Ons sê graag geluk aan die ouers, kategete en onderwysers van hierdie kinders, wat deur die jare in woord en voorbeeld bygedra het tot groei op hul geloofspad. Mag ons insette in hul lewens nog baie jare verder hul dra, en mag die genade en liefde van God 'n lig op hul lewenspad vorentoe bly. Baie dankie aan almal wat van hierdie naweek 'n hoogtepunt gemaak het: Oudl. Eduard Loots en ons Jeugbediening, lidmate wat 'n afrondingsgesprek met die kinders gevoer het, personeellede en spesifiek Rita van Zyl en Ampie Human wat die logistiek behartig het, Danie Joubert vir die foto, Magriet Zietsman vir die blomme en Erica Weyers en die Gr. 10-ouers vir die geselligheid gisteraand.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:
Woensdag, 30 Okt. 05:30 – Mannebiduur in die konsistorie.
19:00 – Bybelstudie: *"Om die Bybel in 2019 te lees en te glo..."*
Donderdag, 31 Okt. 09:00 – Bybelstudie: Fil. 4 – *"Die Boek van die Lewe"*

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):
Wyke 1-10 – ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u hospitaal toe sou gaan of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. In geval van enige ander nood of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak 'n afspraak met u.

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:
Wyk 9 (Blok wes van Hoërskool Sentraal) en vrywilligers is gedurende November aan diens vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande – baie dankie! Daar is tans net **25 inwoners** by Bloemshelter en die verblyfsituasie en versorging is beter. Indien u as vrywilliger by

hierdie aksie vir ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750). Baie dankie aan Wyke 7 en 8 vir jul diens deur Oktober.

BEDIENINGE

VERGADERINGS:
Baie dankie aan alle lidmate wat in die afgelope drie weke vergaderinge van ons bedieninge bygewoon en jul insette daar gelewer het – ons waardeer dit, en is oortuig dat dit die lewe van ons gemeente help versorg. Die **Bestuursraad** (alle voorsitters, leierouderling en -diakens en die leraars) vergader môre-aand, **Maandag, 28 Oktober om 18:00** om die afgelope jaar se werksaamhede te evalueer en vir 2020 te beplan – ons vra die voorbidding van die gemeente hiervoor.

GEMEENTEBEDIENING
Stoorkamerverkoping, 9 November 2019:
Ons beplan ‘n groot stoorkamer/bruikbaarhede/stokperdjie/versamelaars-verkoping op Saterdag, 9 November, vanaf 09:00-13:00 hier by die kerk. Ware wat nie by die Kermis se snuffel-, boeke- en plantetafels verkoop is nie, sal teen winskoppryse beskikbaar wees, én ons wil alle lidmate uitnooi om vir jul eie sak, júl bruikbare onnodighede te kom verkoop – maak jou stoorkamer leeg van die goed wat lankal moes gaan of kom verkoop versamelaars/stoktperdjie-items! Bespreek ‘n tafel by die kerkkantoor, ons sorg vir reklame, kerrie-en-rys, pannekoek, iets te drinke – en, dít vir ‘n skrale 10% van jou opbrengs vir die dag...

Bederfpakkies vir Vroue in die Noord-Kaap:
Die NG Kerk Vrystaat se vrouelidmate loods ‘n omgee-aksie na vroue in die Noord-Kaap wat gebuk gaan onder uiters moeilike omstandighede vanweë die droogteramp daar. So ‘n “Bederfpakkie/boks” met hande- & lyfroom, geurige seep, tissues, sokkies, iets te ete, ‘n bemoedigende teks, boekie of mooi tydskrif (waarde: ± R 250) kan vóór Vrydag, 15 November 2019 aan die kerkkantoor besorg word...

Jaareind-Stilwordkans:
Alle belangstellendes word genooi om Vrydag en Saterdag, 22-23 November op Menuha die stilte van die veld en teenwoordigheid van God te kom beleef, asem te skep en terug te kyk op 2019. Koste: R 275,00 p/p. Bespreking by kerkkantoor.

Almanak 2020: Volgende jaar se Almanak gaan in ‘n nuwe formaat verskyn, en propvol vars inligting... en jy kan daartoe help! Indien jy ‘n advertensie vir jou dienste of besigheid wil plaas, òf ‘n Bybelteks in ‘n spesifieke maand – kontak gerus vir Rita van Zyl in die kerkkantoor of epos na kantoor@bergendalkerk.co.za

JEUGBEDIENING
Graad 7’s: Ons nooi alle Graad 7-kinders en ouers om op Sondagaand, 3 November om 18:00 ‘n spesiale dankie sê-diens en die oorgang na ‘n volgende lewensfase te kom vier. Oók, met die koor van Willem Postma Laerskool. En ná die tyd, iets koels...

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING
Insameling vir Siësta Tehuis vir Bejaardes:
Almal wat vanoggend skenkings van toiletware vir Siësta gebring het, is welkom om dit in die binnehof op die tafel met die houer te plaas – baie dankie!